

Hoofstuk van die dag: Numeri 32

> *En nou kom julle, sondaarsgeslag, net soos julle voorvaders destyds, en julle maak die Here nog meer kwaad vir Israel. (vers 14)*

Die Engelse spreekwoord lui: “Once bitten, twice shy.” Dit

sien ons in Moses se reaksie op die versoek van die stamme Ruben en Gad om grond in die Oos-Jordaan te kry, dws nie in Kanaän self nie. Moses sien dadelik rooi. Hier gaan ons al weer, het hy gedink. Net soos hulle voorvaders by Kades-Barea weggeskram het van die uitdaging om Kanaän te beset (vers 8, vgl Num 13-14), doen hulle nou ook met ’n gerieflike verskoning.
’n Mens kan Moses se reaksie goed verstaan. Hy het ná veertig jaar darem al ’n ding of twee geleer, het hy waarskynlik geglo. Maar hy het dit heeltemal mis gehad. Die stamme Ruben en Gad se bedoelings was eerbaar, soos hulle ook deur hulle dade bewys het.
Ons kan in dieselfde slaggat as Moses val en mense ná ’n tweede of derde misstap afskryf as hopeloos. Gelukkig het God dit nie met ons gedoen nie, en Hy verwag van ons om, soos Hy, met onvernietigbare goedgesindheid teenoor ander te leef. Dit is wat agape-liefde van ons vra (1 Kor 13:4-7).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026